

Laatmiddae kry Marietjie Theron dikwels 'n WhatsApp-boodskap by die werk met 'n lysie bestanddele om te koop – haar jongste is weer voor die kospotte!

Vanaand maak die 13-jarige Edwin jaffels met roerier vir die gesin. Of *chicken nuggets* wat hy self maal. Oor die naweek raak dit ingewikkelder – hy eksperimenteer deesdae met potjiekos en springbokvleis. Nuwejaarsdag is sy gestopte kalkoen al tradisie. (“Tot my groot spyt – dit neem ure lank,” kom dit gelate van sy ma.) En dan is daar die mannetjie se jongste belangstelling: heuning . . .

In die Theron-huishouding op Worcester is daar duidelik nie 'n vervelige oomblik met die wenners van kykNET se *Kokkedoortjie*-reeks in die omtrek nie. “Edwin het gister 'n perdebynes uitgehaal en bou nou 'n byekor. Hy moet maar self uitvind dat perdebyne nie heuning maak nie,” sê sy droogweg.

Marietjie is op die oomblik besig om haar, Edwin en ouss Martli (15) se visums vir hul Mediterreense skeepsreis agtermekaar te kry – sy groot prys as die eerste Kokkedoortjie in Suid-Afrika. (Die laaste episode is op 28 Junie uitgesaai.) In die hoek van die sitkamer staan sy ander pryse – elke aand mag hy net een boks oopmaak, “om die lekkerte uit te rek”.

Edwin het begin kosmaak toe hy ses jaar oud was. (Hy rol sy oë veelseggend na sy ma se kant toe as jy hom vra hoe dit gebeur het.) Maar Marietjie sê sommer pront: “Ek is seker hy't geleer kosmaak om te oorleef, as hulle vir my moet wag, gaan hulle vanaand tienuur eers iets te ete kry!”

Soos enige werkende enkelma moet sy fyn beplan om by alles uit te kom – 'n uitdaging met 'n bedrywige praktyk as pediater en twee besige kinders wat soms op dieselfde dag op twee uithoeke

van die dorp (en elders) aan buitemuurse aktiwiteite deelneem. Martli, in graad nege, is 'n akademiese uitblyker en uitstekende ruiters wat op Rawsonville perdry en gereeld op Stellenbosch aan kompetisies deelneem. Edwin is in graad sewe (ook goed in wiskunde, soos sy sus), neem landwyd aan stoei deel en is in sy skool se eerste hokkiespan. Hy het eers vanjaar begin speel.

“Dis so tipies Edwin,” sê Marietjie. “Hy het eenvoudig besluit hy wil hokkie speel, homself deur YouTube geleer tot hy dit onder die knie het, en daar word hy toe gekies. Hy is 'n baie gedetermineerde outjie.”

In 'n mate het hy hierdie trek by haar gekry, vertel sy. “Ek beplan vooraf, maak lysies. En as ek besluit ek wil iets doen, dan doen ek dit.”

Dit was ook haar ingesteldheid toe

Hy het kleintyd al allerhande wetenskaplike eksperimente gedoen

Edwin se ma, Marietjie

sy 17 jaar gelede as enkelloper besluit het om met die hulp van 'n anonieme spermskenker deur kunsmatige bevrugting swanger te raak, iets wat in daardie jare in Suid-Afrika baie ongewoon was, en ongehoord in sekere kringe. Voor 1997 was dit vir 'n ginekoloog hier onwettig om 'n ongetroude vrou kunsmatig te bevrug met 'n skenker se sperm. (Sien kassie “Om te weet” op bl. 52.)

“Ek was al ouer as 35, ongetroud, en ek wou baie graag kinders hê. Met die nuwe wetgewing was 'n spermskenker skielik moontlik. Ek het uiteindelik by 'n vrugbaarheidskliniek in Kaapstad aangeklop. Daardie jare het die ginekoloog alleen besluit op die skenker . . . hy het gekyk na die lengte,

Edwin wys in die Winter 2017-uitgawe van **SARIE KOS** wat nou op die rak is stap vir stap hoe hy melkkos maak

oë, haarkleur. Dit kon nie iemand so lank en groot soos ek wees nie, kyk hoe klein gebou is Martli en Edwin. Ek kon net die geloof van die pa kies, ek weet nou nog nie wat dit met die saak te doen het nie!”

Verder weet sy niks van die pa nie, behalwe dat hy 'n mediese student van so 21, 22 was. “Maar ek het nie omgee wie hy is nie. Ek is lief vir kinders en het gesmag na my eie baba. As jy eendag oud is, wie se foto gaan jy teen die muur sit?”

Van die begin af het sy ook besluit een kind is te min. “Ek wou 'n hele gesin hê,” sê sy, en skud glimlaggend haar kop met 'n “Ai, waar's die koppies vandag, Boetie?” toe Edwin inkom met ons bakers filterkoffie en kookmelk.

Marietjie het aanvanklik nie eens vir haar familie vertel van haar besluit om 'n spermskenker te gebruik nie, omdat sy geweet het hulle sou daarteen gekant wees. Dit was 'n moeilike pad, emosioneel dreinerend. Sy is alleen deur al die mediese prosedures, hormoonbehandelings en talle miskrame. Net die ginekoloog wat die opvolgsonars moes doen, het geweet. Uiteindelik het sy tien in vitro-implantings gekry voordat sy suksesvol met Martli swanger geraak het.

“Toe ek elf weke swanger was, moes ek my pa vertel. Hy was op sy sterfbed. Hy het net gevra hoekom ek hom nie lankal vertel het nie, dan sou hy vir my gebid het. Edwin is ook na sy oupa genoem.”

Daarna het sy meer mense op Worcester begin vertel. “Dit was 'n vreeslike storie destyds. Maar ek het besluit ek gaan my nie aan die skinderstories en spottery steur nie. Ek was vasberade om voort te gaan daarmee. Dit was my besluit.”

Sy het baie gesukkel met hoë bloeddruk en Martli is uiteindelik op 37 weke met 'n noodkeisersnee gebore. “Toe sy eers gebore is, en almal was oor die ergste skok, het die hele



Marietjie Theron
en haar twee
spruite, Martli en
Edwin.

'N STER WORD GEBORE

Edwin Theron, op 13 die eerste *Kokkedoortjie*-wenner, het homself leer kook . . . Maar daaraan is sy ma al gewoond. As hy in iets belangstel, gaan hy voluit. Self is sy net so doelgerig – soos die dag toe sy besluit het om enkelma te word

< gemeenskap dit vir my gegun. Ek het 75 *babygroes* present gekry, berge blomme en geskenke. Ek is daarna baie gevra om te kom praat oor die onderwerp, by kerkgeleenthede, die VLV . . . en skielik was dit nie meer so iets vreesliks nie. Toe Edwin twee jaar later op 33 weke gebore is ná drie in vitro-implantings met dieselfde skenker, was dit glad nie meer aardig nie!”

Marietjie was ook twee jaar lank pleegma vir ’n kinderhuis-dogtertjie (van drie- tot vyfjarige ouderdom), met die belofte dat sy haar sou kon aanneem. “Sy was tuis in haar skooltjie hier, ons het al verjaardagpartytjies gehou, en toe skielik, ná twee jaar, het die maatskaplike werkers laat weet die ma wil haar terughê. Ek was reeds swanger met Martli. Dit was baie erg, sy was soos my eie en ek het regtig lief geraak vir haar. Ek het haar nooit weer daarna gesien nie. Maar ek troos myself, as hulle haar destyds nie van my weggevatt het nie, het ek nooit vir Edwin ook gehad nie . . . hy is so besig, hy tel sommer vir ’n hele paar kinders!”

Haar ma, wat aanvanklik in “’n vreeslike toestand” was weens die “skoknuus” oor haar dogter se swangerskap, was dadelik gaande oor haar kleinkinders en het baie help kinders oppas toe hulle kleiner was. “Sy sê altyd vir my die pa sou seker graag die kinders wou ontmoet as hy weet hoe oulik hulle is. Hulle is baie uiteenlopend, maar kom goed oor die weg. Martli is die stiller een, baie hardwerkend, tipies tiener in haar kamer doenig. Edwin is weer baie bakkig, met ’n magdom belangstellings.”

Die twee het die eerste paar jaar van hul lewe omtrent grootgeword in hospitaalsale, met die verpleegsusters wat hulle soms aan die slaap gesus of vir hulle jellie gegee het wat die pasiënte nie wou eet nie. “Martli was tien dae oud, toe is ek terug werk toe. Ek moes eenvoudig, want ek was die

broodwinner.” Later het sy hulp tuis gekry. “Sonder my huishulp, Sophia Strauss, wat al van voor Martli se geboorte by my werk, sou ek dit nooit kon doen nie. Sy is soos hul tweede ma,” vertel Marietjie.

Sy het reeds kleintyd vir die twee verduidelik hoekom hulle nie ’n pa het nie. “Ek dink nie hulle mis ’n pa nie . . . dis soos iemand wat altyd Marmite op sy brood eet, jy mis nie grondboontjiesbotter nie,” skerts sy.

Sy besef ’n manlike rolmodel is veral vir ’n seun belangrik. Edwin se stoei-afrigter vervul dikwels hierdie rol.

OM TE WEEET

Volgens Adele van der Walt, mediese regskenner en prokureur van Pretoria, het die Wet op Menslike Weefsel (*Human Tissue Act*) al verskeie wysigings gehad. ’n Enkelopende persoon (ongetroud of geskei) kon vanaf 1997 kunsmatige inseminasie ondergaan. Voorheen kon slegs getroude vroue dit ondergaan. Hierdie proses word tans gereël deur die Nasionale Wet op Gesondheid 61 van 2003.

Bron: Adele van der Walt:
012 460 3668,
www.surrogacyagreements.co.za

“Hy is streng met die klomp seuns wat hy afrig, hy weet net hoe om hulle te hanteer. Edwin is baie erg oor hom. Hy gee raad as dinge moeilik is, of praat met hom as hy ongelukkig is of dalk iets wil bespreek.”

Die grootste nadeel van enkelma wees is dat sy nie goed is met dissipline nie, erken sy. “Ek is nie streng genoeg nie, veral nie met ’n seun nie. Ja, hy luister, maar dis nie soos ’n pa wat een keer

praat, en nou doen hy wat Pa sê nie. Hy weet as hy lank genoeg aanhou, sal ek ingee. Hy waag en verken baie. Hy het kleintyd allerhande wetenskaplike eksperimente gedoen. As die wasbak nie wil uitloop nie, haal hy dit uitmekaar en karring tot dit werk. Hy het so baie waarin hy belangstel . . . As ons met ons woonwa gaan kamp, vang hy vis van die oggend tot die aand. Hy vat die lewe soos dit kom. Soos die *Kokkedoortjie*-kompetisie. As hy verloor het, was dit oukei, dit was net nog ’n groot avontuur.”

Edwin het sommer vir die lekkerte ingeskryf – hy’t geen kook-agtergrond of -opleiding nie, net wat hy op YouTube leer. “Heel in die begin, met die eerste uitdun, moes die kinders kolwyntjies tuis bak wat hul persoonlikheid weerspieël. Ek kan kook, maar nie bak nie, en ek het toe ’n tannie van die VLV gevra om hom ’n bietjie touwys te maak oor versiersuiker en fondant. Hy’t vreeslik hard geoef. Toe ek en hy die dag daar aankom, was dit omtrent ’n storie – mense het van so ver as Namibië gevlieg, met spoggerige bokse koekies en *cooler bags*, en hier loop ons twee in met ’n roomysbak en sy ses kolwyntjies! Maar soos die dag gevorder het, het hy baie kreatief geraak . . . tot die tamaties verpulp en die bord versier met sulke rooi kolle . . . ek het my verkyk. Met die uitstap die dag het hy teruggedraai en vir oulaas aan die beoordelaars gesê: ‘Nou maar geniet julle dag, hoor.’ Hy het vreeslik baie selfvertroue.”

Soms, as sy by haar broer en sy gesin op Stellenbosch kuier – hy het drie dogters – kan sy haar verwonder aan die atmosfeer: “Daar is mooi musiek wat speel, die hele gesin sit rustig en gesels, niemand stry nie . . . hier is dit altyd besig, besig! As ek iets kon verander, is dit dat ek al tien jaar vroeër hierdie plan uitgedink het, dan het ek dalk meer energie gehad vir die mannetjie! Maar aan die ander kant hou die twee my jonk.”

SKRYF IN VIR KOEKEDOORTJIE

En nou is dit die jong bakkers se beurt! kykNET soek deelnemers tussen 9 en 13 jaar oud vir *Koekedoortjie*, die opvolgrees. Mari-Louis Guy en Nic van Wyk sal weer die septer, of eerder die klitser, swaai.

Besoek www.kyknet.tv, stuur ’n e-pos na koekedoortjie@homebrewfilms.tv of skakel 021 422 3452.

Inskrywings sluit 25 Augustus 2017